
# 463 Uit dieptes gans verlore




As U, o Heer, die sonde, na reg wou gadeslaan,
wie sou ‘n enke stonde voor U, o Heer, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing altyd by U gewees;
daarom word U met bewing reg kinderlik gevrees.

Soos een wat op die mure, as wagter aangestel,
gedurigdeur die ure met sy gedagtes tel,
so wag my siel, steeds sterker, gedurig op die Heer,
tot Hy, die Ligbewerker - die nag tot daeraad keer.

Hoop, mense, nog vol klagte, vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, sy heil breek kenbaar deur.
Dan volg volkome vrede: Gans Israel word vry
van ongeregtighede; Heer, doen ook so aan my.

Onbekend — Voortrekkerwysie